

## VOERMOL MAXIWOLKONSENTRAAT

Klas: Proteïen-, Mineraal- en Spoormineraalkonsentraat vir Skape

**VOERMOL MAXIWOLKONSENTRAAT** is 'n hoë kwaliteit lekkonsentraat vir die tuismeng van lekke, spesiaal geformuleer om wol- en veselgroei te bevorder asook om uierontwikkeling, bies- en melkproduksie van skaap- en bokooie te stimuleer:

- gemeng met sout, bevorder dit produksie van wol, vesel, melk en vleis omdat dit 'n relatief hoë persentasie goeie gehalte natuurlike proteïene (deurvloeiproteïen) bevat;
- voorsien 'n hoë vlak van deurvloeiproteïen wat die prestasie van produserende diere betekenisvol verbeter (Sien **Voermol Maxiwol Produksiekorrels**);
- help om ruvoer- en weidinginname te stimuleer en sodoende produksie te verbeter;
- is aanpasbaar; die soutvlak kan aangepas word om die gewenste inname te verseker;
- is 'n melassegebaseerde produk, waai nie weg nie en verseker 'n goeie inname omdat dit smaaklik is;
- die relatief lae ureuminhoud en hoë inhoud van deurvloeiproteïen maak dit geskik vir ander gebruike soos die uitgroei van jong skape.

**Voermol Maxiwolkonsentraat** kan ook as 'n HPK in suiwelmele vir melkkoeie op natuurlike weiding gebruik word.



### SAMESTELLING VAN VOERMOL MAXIWOLKONSENTRAAT

REG NR V4985 (Wet 36/1947) N-FF 0558

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen*	(min)	350	Mangaan	320
Ureum	(maks)	60	Koper	40
Ruvesel	(maks)	100	Kobalt	5
Vog	(maks)	160	Yster	150
Kalsium	(maks)	13	Jodium	8
Fosfor	(min)	3.6	Sink	400
Magnesium	(min)	10	Selenium	2
Swael	(min)	5		
			Vitamien A (IE/kg)	15 600

\*57.9 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 50 kg

### Sien ureumwaarskuwing

### MENG- EN VOEDINGSINSTRUKSIES

Gemeng met sout kan **Voermol Maxiwolkonsentraat** gevoer word as 'n onderhoudslek of dit kan gemeng word met sout en graan as 'n produksielek vir produserende kleinvee. Die inname van die lek sal beïnvloed word deur kwaliteit en kwantiteit van weiding, die fisiologiese status, kondisie van diere en soutinhoud van drinkwater.



**VOERMOL**


MENGINSTRUKSIES (kg)					
	Onder- houdslek <sup>1</sup>	Lamhok mengsel	Lekke vir produseerende diere op verskillende tipe weidings		
			1	2	3
<b>Voermol Maxiwol Konsentraat</b>	400	150	150	200	250
Mieliemeel/Heel kleingrane	–	400	300	250	200
Sout	100	–	50	50	50
Lusern	–	400	–	–	–
Procon 33	–	50	–	–	–
<b>Totaal</b>	<b>500</b>	<b>1000</b>	<b>500</b>	<b>500</b>	<b>500</b>
SAMESTELLING (g/kg)					
Proteïen (min)	280	160	153	180	200
Ureum (maks)	48	9	18	24	30
Kalsium (maks)	9.76	7	4.6	5.8	7.1
Fosfor (min)	2.88	3	2.8	2.8	3.5
% Proteïen vanaf NPN	58	15.9	39.8	45.1	49.5
AANBEVOLE INNAME (g/dier/dag)					
Droë skape en bokke	125 – 200	<i>Sien</i>	250 – 300	250 – 300	250 – 300
Groeiende jong diere	–	<i>aanbevole</i>	250 – 500	250 – 500	250 – 500
Laatdragtige ooie	–	<i>inname</i>	250 – 350	250 – 350	250 – 350
Lakterende ooie	–	<i>onderaan*</i>	350 – 500	350 – 500	350 – 500
Prikkelvoeding van ooie	–		300 – 400	300 – 400	300 – 400

<sup>1</sup> Kan as 'n goeie kwaliteit onderhoudslek op droë weiding vir droë, vroeë en middragtige skape en -bokke gebruik word.

- Lek 1:** As aanvulling op Karoo bossieveld, groen natuurlike grasveld of enige groen aangeplante weiding (bv. Raaigras, Kikoejoe, lusern, klawer ens.)
- Lek 2:** As aanvulling op gemengde droë Karooveld (gras en Karoo bossieveld gemeng).
- Lek 3:** As aanvulling op droë natuurlike grasveld, enige ander droë grasweiding of droë oesreste (bv. afgeoste kleingraan- of mielielande) met min of geen graanpitte.

\*Lamhokmengsel: Hierdie mengsel is 'n volledige voer en word aanbeveel om aan dragtige ooie met 'n enkeling fetus teen 2.5% of aan ooie met meerlingfetusse teen 3.0% van liggaamsmassa te voer. Vir lakterende ooie, voer ooie met 'n enkeling lam teen 3% en die met meerlinglammers teen 4% van liggaamsmassa.

**L.W. Moet nie ongemeng voer nie. Weens die moontlikheid van blaasstene moet Maxiwolgebaseerde lekke nie vir lang periodes (meer as 6 weke) teen hoë peile (meer as 350 g/dag) vir teelramme gevoer word nie. Vir die voeding van ramme, verwys ook na Voermol SS 200.**



**VOERMOL**

## UREUMWAARSKUWING

### UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

**Sien ureumwaarskuwing agter op sak.**

### UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnamte voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

### GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



**VOERMOL**